DIE BYBEL in 'n neutedop

1 & 2 Konings

—deur Peter Hammond

Hoekom is Konings geskryf?

Met die val van Jerusalem, die verwoesting van die Tempel en die ballingskap wat die nasie weer eens slawe in 'n vreemde land gemaak het, sou die volk uiteraard wou weet: Wat het verkeerd geloop? Hoekom het God toegelaat dat dit met ons gebeur? Die boek Konings verskaf die antwoorde.

"Hoe lank hou julle aan met hink op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hóm; maar as dit Baäl is, volg hóm."
1 Konings 18:21

Die koninkryk van Israel het deur drie fases gegaan:

1. Verenigde Koninkryk:

- Saul: 40 jaar lank
- Dawid: 40 jaar lank
- Salomo: 40 jaar lank

2. Verdeelde Koninkryk:

- 10 Stamme in die Noorde: Israel of Samaria
- 2 Stamme in die Suide: Juda
- Israel in 721 v.C. in ballingskap weggevoer na Assirië

3. Een Koninkryk

- 140 jaar totdat Juda in 587 v.C. in ballingskap na Babilon is

Wie het Konings geskryf?

Gedeeltes van Konings is identies aan die profesieë van Jeremia. Hoewel Jeremia 'n tydgenoot van koning Josia was en midde-in baie van die gebeure was wat beskryf is, word hy nie in die boek genoem nie, wat daarop dui dat hy waarskynlik die outeur was.

Die seën en vloeke van die Verbond

Dienooreenkomstig met die Verbond wat God met die volk van Israel gemaak het en wat in die boek Deuteronomium opgeteken is, het Hy gewaarsku dat, sou die volk afgode aanbid en Sy Wet verbreek, Hy vreemdelinge sou stuur om Jerusalem te vernietig, die Tempel te verwoes en die volk na vreemde lande te verdryf.

Die boodskap van Konings

Ons ontvang gewoonlik die regerings wat ons verdien. 'n Goddelose volk sal deur 'n Goddelose regering verdruk word. As ons God verwerp, sal Hy ons straf. As ons God gehoorsaam, sal Hy ons seën. As ons berou het, sal Hy ons herstel. Konings teken die geskiedenis vanuit God se perspektief aan.

Die boeke 1 en 2 Konings dek 'n tydperk van 400 jaar. Hulle maak 'n inventaris van hoekom Israel en Juda geoordeel, verslaan, in ballingskap weggevoer en uiteengedryf is.

Evaluasie

Elke koning word beoordeel in terme van sy aanbidding, sy etiek en beleid, of hy getrou aan die Here God was of nie, of hy geregtigheid en goeie sedes gehandhaaf het, of nie. God ken geen aansien des persoons nie.

Elke koning word beoordeel in terme van sy aanbidding, sy etiek en beleid, of hy getrou aan die Here God was of nie, of hy geregtigheid en goeie sedes gehandhaaf het, of nie.

Die Goddelose koningin

Koningin Atalia was Isebel se dogter en het met die koning van Juda in die Suide getrou. Sy het al die kinders van Dawid se koninklike stamboom doodgemaak en die mag opgeëis. 'n Tante het egter die jongste seuntjie, Joas, beskerm en hom weggesteek om die koninklike stamboom te bewaar.

'n Goeie koning, Hiskia

Hiskia, wat 'n tydgenoot van Jesaja was, het die tonnel laat grawe om water in Jerusalem te bring en het ook die skanse beveilig.

Hy het egter 'n groot fout begaan toe hy manne van Babilon in sy paleis verwelkom en hulle al die geheime en skatte van sy paleis en die Tempel gewys het. Jesaja het die Woord van die Here aan Hiskia gebring dat die Babiloniërs, as gevolg van hierdie daad, alles waaroor daar gespog is, sal wegneem. Dit is vervul toe die Babiloniërs »

Die konings van Juda

Die suidelike koninkryk van Juda het ses goeie en twee uitstekende konings gehad. Hulle het egter ook Manasse, die ergste koning van hulle almal, gehad. Afgodery en onsedelikheid het sy bose bewind gekenmerk. Manasse het Molog aanbid en sy babaseuns in die Hinnomdal (Gehenna) geoffer. Manasse het ook die profeet Jesaja vermoor.

Die goeie konings van die suidelike koninkryk van Juda sluit Asa in, wat reg gedoen het in die oë van die Here. Hy het die tempelprostitute uit die land verdryf en van alle afgode ontslae geraak, die pornografiese Asjerabeelde omgegooi en hulle in die Kedrondal verbrand. Asa se hart was sy hele lewe lank ten volle aan die Here toegewy (1 Konings 15:11-14).

Agab en Jesebel

Agab troon uit as een van die ergste konings van Israel. Hy het met Isebel, 'n Fenisiese prinses uit Sidon, getrou. Dit was deur haar gekonkel dat die vals aanklagtes teen Nabot gemaak is sodat Agab Nabot se wingerd in die hande kon kry. Hierdie gebeurtenis het die begin van die profeet Elia se bediening vasgelê. Hy het Agab en Isebel gekonfronteer en die Baälprofete tot 'n stryd op Karmelberg uitgedaag, waar God Elia se gebed vir vuur uit die hemel op die altaar, geantwoord het.

DIE BYBEL in 'n neutedop

1 & 2 Konings

Die seun van David

Die profeet Elia het 'n ontmoeting met die Here Jesus op die berg van verheerliking gehad. Net soos Elisa die weduwee se seun opgewek het, só het Jesus in die dorpie Nain 'n seuntjie uit die dode opgewek. Net soos Elisa nagenoeg 100 mense met brood gevoed het, het die Here meer as 5 000 met brood en vis gevoed. Jesus Christus is die Koning van konings en die Heer van here. Hy is die ware seun van Dawid wie se bewind nooit tot 'n einde sal kom nie. Christus se koninkryk sal alle ander vervang en tot in ewigheid duur.

Elia en Elisa

Die profete Elia en Elisa het baie van mekaar verskil. Elia was die prediker, die vegter, die een wat die volk en die valse profete uitgedaag het. Elisa was herderlik en versorgend in sy bediening. Johannes die Doper se bediening is met Elia se konfronterende bediening vergelyk; daar is gesê dat hy die gees van Elia het toe hy die weg vir die Here voorberei het.

Jerusalem in 588 v.C. vernietig het.

Hervorming onder Josia

Nog 'n goeie koning van Juda was Josia, wat in dieselfde jaar as die profeet Jeremia gebore is. Toe die manne wat die Tempel skoongemaak het die boek Deuteronomium ontdek, was koning Josia geskok om van die voorskrifte van God se Wet te lees asook van die oordele vir ongehoorsaamheid waaroor gewaarsku word.

Hy het die volk beveel om vir 'n volledige voorlesing van die Wet van God byeen te kom en het met nasionale hervorming begin deur al die hoogtes waar babas geoffer is te vernietig, die afgode te vernietig en 'n landswye hernuwing teweeg te bring.

Die suidelike koninkryk

Die Suide het 19 konings en 1 koningin gehad. Vir die boosheid wat hulle in die oë van die Here gepleeg het, is 12 veroordeel; 8 is geprys en 2 – Hiskia en Josia – is hooggeag vir hulle toewyding aan die uitroei van afgodery en bestryding van onsedelikheid.

Profete vir Juda

Gedurende die tydperk van die konings was die hoofprofete van die Suide: Obadja, Joël, Jesaja, Mika, Nahum, Jeremia, Sefanja, Habakuk, en tydens die ballingskap in Babilon: Daniël en Esegiël.

Die konings van Israel

In die noordelike koninkryk van Israel was al 20 konings uit die bose; 14 van hulle is swaar veroordeel omdat hulle uitsonderlik Goddeloos was. Hoewel die Suide net een vorstehuis gehad het, het die Noorde nege gehad, met die troonopvolging wat ses keer deur sluipmoorde verhaas is.

Gedurende die geestelike agteruitgang van Israel en Juda was die priesters stilswyend; hulle het nie die volk aan die Wet van God herinner nie.

Profete van Israel

Die hoofprofete van die noordelike koninkryk was: Elia, Elisa, Jona, Amos en Hosea.

Waarskuwings voor die oordeel

Konings maak dit duidelik dat God altyd Sy volk waarsku voordat Hy Sy straf oor hulle voltrek. Tog het Israel en Juda oor die algemeen die waarskuwings van God se boodskappers verontagsaam en die paaiende gerusstelling van die vals profete verkies. Die profete wat God gestuur het, is dikwels gespot, geslaan, gestraf en dikwels as martelaars doodgemaak.

Waar is die priesters?

Gedurende die geestelike agteruitgang van Israel en Juda was die priesters veronderstel om die volk aan die Wet van God te herinner en hulle tot berou te roep. Hulle stilswye en vrugteloosheid het egter daartoe gelei dat God profete opgerig het om die volk tot berou te roep.

Verbaal, visueel en gewelddadig

God se waarskuwings het in fases gekom. Aanvanklik was hulle verbaal, deur die profete. Toe was hulle visueel, en uiteindelik gewelddadig. Die Israeliete het grondgebied verloor; hulle het hulle onafhanklikheid verloor. Die tien noordelike stamme is na Assirië weggevoer en uiteindelik is die koninkryk van Juda in die Suide in drie fases na Babilon weggevoer.

Die boeke Samuel en Konings maak dit duidelik dat die karakter en gedrag van 'n koning die toekoms van die nasie bepaal. Nasies ontvang gewoonlik die regerings wat hulle verdien.

Niemand word veroordeel sonder om eers verskeie kere gewaarsku te word nie.

Salomo se afvalligheid

Salomo se bewind wat so goed begin het, het agteruitgegaan namate hy uitermatige rykdom vergaar en talle vroue bekom het, in duidelike oortreding van God se spesifieke opdragte dat konings nie vir hulleself uitermatige rykdom moet vergaar of talryke vroue moet hê nie.

Onsedelikheid en afgodediens

Die volk se sondes wat tot die val van Jerusalem, die vernietiging van die Tempel, en die ballingskap van die volk na Babilon gelei het, was onsedelikheid en afgodery. Hulle het hulle harte teen die herhaaldelike waarskuwings van God verhard; hulle het hardkoppig geweier om berouvol oor hulle sondes te wees en na die Here toe terug te keer.

Met ongelowiges in dieselfde juk

God se Woord beveel ons om nie saam met ongelowiges in dieselfde juk te trek nie (2 Kor 6:14). Hoewel Salomo Spreuke, 'n boek van groot wysheid, geskryf het, het hy nie daardie wysheid in sy eie lewe toegepas nie. Hy het met baie vroue getrou, baie van hulle ongelowiges, en het saam met hulle in afgodediens verval. Hy het ook sy volk oorbelas en belaai om sy rojale leefstyl te handhaaf. Salomo het die grondslag vir die verbrokkeling van die verenigde koninkryk gelê en die opstand van die tien noordelike stamme veroorsaak toe sy dwase seun, Jerobeam, die troon bestyg. Onsedelikheid en geestelik afvalligheid gaan hand aan hand. Niks kalwe die fondasies van 'n nasie vinniger uit as geestelike agteruitgang nie.

Karakter en gedrag

Die boeke Samuel en Konings maak dit duidelik dat die karakter en gedrag van 'n koning die toekoms van die nasie bepaal. Die boek Konings maak 'n inventaris van hoekom Israel en Juda geoordeel, verslaan, in ballingskap weggevoer en uiteengedryf is.

Het ons vandag ook afgode?

Baie mense mag aanneem dat ons nie meer afgode het nie, as jy egter rondkyk, is dit duidelik dat daar baie is. Ons praat van Hollywood- 'idols', sport- 'idols'; daar is selfs 'n program 'Idols'. Baie Christene verafgod godsdienstige musieksterre en TV-persoonlikhede. God haat alle afgodery. Hy is 'n heilige God en ons kan nie Sy wet ongestraf verbreek nie. Wat ons saai sal ons maai. ■

DR. PETER HAMMOND *is 'n sendeling, Bybelleraar en outeur. Skakel: 021 689 4480; mission@frontline.org.za; www.frontline.org.za*

Jesus in Konings

Die Evangelie leer ons dat Jesus Salomo in grootheid oortref. Christus is ons wysheid. Hebreërs leer ons dat Jesus die Tempel oortref. Hy het Sy Liggaam met die Tempel vergelyk. Toe ons Heer op Golgota gesterf het, het die voorhangsel van die Tempel, wat die Heilige van die Allerheiligste geskei het, van bo tot onder in twee geskeur, wat aandui dat die Here die weg na die Vader vir ons oopgemaak het.